Alec Bates, Secondlifestyle Group

Alec Bates, 'n geoktrooieerde rekenmeester, het een dag wakker geword en besef dat hy nie ryk sou word deur vir ander te werk nie. Alec was toe 36 jaar oud en 'n vennoot in die firma wat vandag as Ernst & Young bekend staan. Maar op daai dag het hy geweet dat hy sy eie ding móés doen. Hy het weggespring deur saam met 'n vriend 'n hotelgroep in Brittanje te begin en hy't nooit weer teruggekyk nie. Nou na meer as 20 jaar in die eiendomsarena – en 'n indrukwekkende projeklys op sy kerfstok – is hy nog nie 'n dag spyt nie.

Alec is tans die direkteur van Secondlifestyle Group, 'n maatskappy wat spesialiseer in eksklusiewe residensiële ontwikkelings en leefstyl-gefokusde winkel- en vermaaklikheidsentrums. Dié maatskappy het 'n reputasie opgebou vir ontwikkelings soos die gesogte Villas Valriche, 'n landgoed in Domaine de Bel Ombre in Mauritius. Dan is daar ook La Camargue Private Country Estate by Hartbeespoortdam en 24 villas by Simola, 'n gholflandgoed in Knysna wat deur Jack Nicklaus ontwerp is.

Villas Valriche het op die oomblik 'n omset van $400 miljoen en La Camargue staan op sowat R200 miljoen. Nie te sleg nie, veral as jy dink dat Alec en 'n vennoot Secondlifestyle Group maar net vier jaar terug begin en uit eie sak gefinansier het. Die maatskappy het ook nie hope werknemers nie – alles word uitgekontrakteur.

Maar om tot by hierdie punt te kom, was nie altyd maklik nie, noem Alec. Hy was byvoorbeeld in die vroeë negentigs betrokke by die ontwikkeling van die eksklusiewe Pecanwood-ontwikkeling by die Hartbeespoortdam. Die banke het Alec, sy vorige vennoot en dié destydse bankrot tamatieplaas net een kyk gegee en finansiering geweier. Iemand met 'n swakker hart sou dalk tou opgegooi het, maar Alec-hulle was gelukkig genoeg om 'n Maleisiese finansierder aan boord te kry. En nou is die res geskiedenis.

Selfs met Secondlifestyle was daar 'n duwweltjie in die metaforiese skoen. Die maatskappy was aanvanklik gefokus op die oorsese mark. Dié mark het egter platgeval nadat die regering begin praat het van strenger maatreëls vir internasionale eiendomskopers. "Gelukkig het ons toe reeds beplan om ook in die residensiële mark 'n rol te speel," vertel hy. "Dis die eiers-in-die-mandjie-teorie – in die besigheidswêreld moet jy altyd jou risiko's versprei. Dit gaan op die keper beskou uiteindelik oor hardnekkigheid. Jy kan nie opgee nie, veral nie wanneer die bouwerk begin het nie. Jy moet kan deurdruk. Ontwikkelaars is die wêreld se grootste optimiste – jy moet optimisties wees, kom wat wil. Jy moet ook glo in jouself en wat jy wil bereik."

As hy vir homself weer advies moes gee, sou dit die volgende wees: "As jy 'n goeie besigheidsplan het, wees dapper en neem die risiko. Dis ook baie belangrik om goeie vennote te kies. Dit moet mense wees wat jy werklik vertrou. Dan moet jy ook die regte produk kies om te ontwikkel. Ongeag hoe oud jy is, vertrou op jou ondervinding, maar meet dit aan die praktiese lewensvatbaarheid van jou idee. Maak ook seker dat jou besigheid goed gefinansier is en dat jy nie te veel risiko's neem nie – laat ruimte vir onsekerhede.

"Entrepreneurs kan nie gemaak word nie; jy het dit in jou of jy het dit nie. My benadering is dat as jy iets wil doen, jy daarvoor moet gaan. Doen dit; dit sal uitwerk. Sukses en volharding is goeie pêlle."





Ons word elke dag gebombardeer met beelde van hoe sleg hierdie land is. Maar is dit so sleg? En wat van diegene wat nog hier bly?

Met die fotosessie vir ons voorblad is die grimeerkunstenaar effe laat. Dis glad nie hoe hy is nie. Gewoonlik is hy eerste, sy tassie oop, gereed vir aksie. Hy vra om verskoning en spring dadelik aan die werk. Later noem hy dat hy sy huis verkoop het. Sodra hy die geld hiervoor gekry het, gaan hy sy motor verkoop en dan gaan hy emigreer Australië toe. Sy wederhelf, wat al vooruit is, wag daar op hom.

Daar is iets anders aan hom; 'n ligtheid van wese, amper asof die dinge van Suid-Afrika hom nie meer aanstaan nie. Hy is nietemin aangedaan deur die uitsig wat Aasvoëlkop oor Johannesburg bied – jy kan van hier álles sien; die Magaliesberge, Sandton, die middestad. Alles. Hy is spyt dat hy nie 'n kamera gebring het om dit af te neem en die foto's Australië toe te stuur nie, want sy wederhelf mis SA geweldig baie.

Dit alles ten spyte van die lemmetjiesdraad om die watertoring, die gebreekte bierbottels; dat ons bekommerd is oor ons motors by die hek en die feit dat hulle die hek saans sluit omdat dit hier net te gevaarlik is.

En rég langsaan bly van die rykste mense in die land.

Dis een ding waarmee ek vrede gemaak het oor die jare: SA is 'n land van enorme kontraste. Daar is ryk en arm, mooi en lelik, mense gaan weg, maar mis steeds hul land. Vir jare is die gesprek oor emigrasie stil (of stiller), die tydskrifartikels minder, die *Carte Blanche* -insetsels afwesig. Die Eskom-debakel en Zuma maak mense skrikkerig; so daar is 'n herlewing in emigrasie; die koerante en tydskrifte is vol daarvan ("Ek is klaar met Suid-Afrika"). Die mense raak paniekerig; dit lei tot massahisterie en siedaar: SA is skielik nie meer 'n plek waar jy wil wees nie.

Maar die lewe gaan voort – mense staan soggens op, groet hul families, raak bly, raak hartseer, raak fiks, eet te veel, lag, huil, lees tydskrifte en kyk televisie.

Vandeesmaand se MANWEES is propvol artikels oor lewe in Suid-Afrika én die wêreld in die hier en nou. Daar is stories oor entrepreneurs; inspirerende stories soos die een ("Die son skyn weer") oor iemand wat die sin en plesier van die lewe herontdek het. Ons voorbladpersoonlikheid, Marcus Muller, vertel dat hy vir die eerste keer in sy lewe gelukkig is.

Ek hoop jy sal positief bly en nie swig voor negatiewe beriggewing en praatjies waar alles erger en groter gemaak word as wat dit werklik is nie.

Wilhelm du Plessis
Redakteur

GUNSTELINGAANHALINGS HIERDIE MAAND

Om 'n goeie bank te hê, is een van sy suksesgeheime. Hy noem ook dat jy nooit "nee" vir 'n antwoord moet vat nie. "Alles is onderhandelbaar. Jy moet ook glo in jou vermoëns, vaardighede en jou sukses. Omring jouself met suksesvolle mense. My ma het altyd gesê: 'you are the company you keep'".



"Dis lekker om mens te wees, maar jy moet 'n lekker mens wees".

MANWEES

Redakteur: Wilhelm du Plessis
wilhelm@manwees.co.za

Subredakteur: Pieter Wilken
pieter@manwees.co.za

Ontwerper: Lily Hattingh
lily@manwees.co.za

Finansies: Charmaine de Villiers
charmaine@manwees.co.za

Medewerkers:
Réhann Coetzee, Coetzee Gouws, Riaan Grobler, Hoffie Hofmeister, Complete Nutrition Services, dr. Eugene Kemp, Jaco Labuschagne, dr. Adolf Lowies, Martin Meyer, Rilette Meyer, Maretha Mulder, Brett Phillips, Riette Rust, Egmont Sippel, dr. Wilme Steenekamp, Johan Stephan, Krassi Toma, Betsie van der Merwe, Dries van der Walt, Netanja van der Westhuizen, JD van Zyl en PJ Wilken.

ADVERTENSIES
Bemarking- en Verkoopsbestuurder:
Morné van Staden
morne@manwees.co.za
Sel: 082 613 0883

Verkoopsverteenwoordiger:
Celeste de Villiers
celeste@manwees.co.za
Sel: 082 521 8193

Redaksionele adres
Jan Smutsrylaan 56, Forest Town, Johannesburg
Posbus 260317, Excom, 2023
Tel: 011 646 8070/2371/8683,
Faks: 011 646 0855
info@manwees.co.za

INTEKENARE
'n Intekening vir 12 maande kos R230.
Jy kan vir mike@manwees.co.za kontak vir meer besonderhede of blaai na bl. 95 vir meer besonderhede.

VERSPREIDING
As jy sukkel om MANWEES in jou omgewing op te spoor, kontak asseblief mike@manwees.co.za.

MANWEES word uitgegee deur:
MAN-WEES (Edms.) Bpk.
Reg.: 2006/016169/07
BTW nr.: 4810230195

Uitgewers
Mike de Villiers (mike@manwees.co.za)
Wilhelm du Plessis

www.manwees.co.za

Drukwerk: CTP Web
Verspreiding: Media Distribution Africa (Edms.) Bpk

© Kopiereg voorbehou. Die redaksie van MANWEES onderskryf nie noodwendig die standpunte geheuldig in artikels, rubrieke of advertensies nie.

Lid van ouditburo vir sirkulasie